Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

ÉcoleBooks

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---

IEB Copyright © 2019

Ecolebooks.com



## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 INTERNETARTIKELS

**Lees die onderstaande tekste deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Lotto-wenner kies "eenvoudige lewe" ondanks nuwe rykdom**

Marine Lourens

1 'n 35-jarige enkellopende man van Kaapstad wat R38 miljoen ryker geword het, nadat hy twee weke gelede die PowerBall Plus-boerpot gewen het, sê sy daaglikse lewe gaan nie veel verander nie, al is hy nou 'n miljoenêr.

2 "Ek verkeer steeds in ongeloof aangesien ek nog nooit iets in die lotery gewen het nie en my eerste wengeld ooit is sommer die groot boerpot!" sê die wenner.

3 Hy vertel hy bestee gemiddeld R150 per week aan die Lotto en het eers onlangs begin om PowerBall te speel. "Elke keer wat ek 'n kaartjie koop, het ek myself vertel ek gaan geld wen, maar ek het nooit gedink ek sal die boerpot wen nie," sê hy.

4 Ek het twee dae na die trekking (op 21 September) na dieselfde handelaar gegaan waar ek die kaartjie gekoop het om te kyk of ek gewen het. Tot my verbasing het hulle vir my gesê om na die Nasionale Lotery se kantoor toe te gaan. Ek het toe dadelik geweet ek het geld gewen, maar was nie seker hoeveel nie.

EcoleBooks

5 Die man het ook nie sy goeie nuus versprei nie en het net sy pa in sy vertroue geneem oor sy nuwe miljoenêrstatus. Niemand anders weet dat sy bankbalans nou baie groter is nie. Hy beplan om van die geld te gebruik om na sy afgetrede pa om te sien en sy eie uitstaande skuld te betaal.

6 Daar lê egter nie 'n splinternuwe lewe vir die wenner voor nie. Hy sê hy sal steeds sy gewone 9-tot-5 werk doen en steeds Lotto en PowerBall speel. Hy beplan verder om van sy wengeld te gebruik om te reis en te doen waarvoor hy die liefste is – om tyd in die buitelug deur te bring.

[Bron: <https://maroelamedia.co.za/tag/lotery/> 2 Oktober 2018]

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**Dit is 'n gelukkige nuwe jaar vir 'n man van Soweto!**

7 Op 21 Desember het 'n middeljarige man saam met sy buurman by die Nasionale Lotery se kantoor in Sandton aangekom. Hy is die wenner van die R8,7 miljoen en het gekom om sy prys op te eis. Die man sê hy gee nie om dat almal weet dat hy 'n wenner is nie. Hy het ook al vir heelwat ander familielede vertel dat hy geld gewen het en sê hy vertrou sy buurman 100%.

8 Toe hy gevra is hoekom dit hom so lank geneem het om sy prys op te eis het hy gesê: "Ek het nie besef dat ek die wenner is nie. Ek het gehoor dat die wenner van Soweto is, maar Soweto is 'n groot plek, ek het nie gedink dat dit ek kon wees nie."

9 Die enkellopende pa van drie het al ophou tel hoeveel jare hy nie meer 'n werk het nie. Hy bly saam met sy ma in 'n huis in Soweto en sê hy wil die geld gebruik om 'n huis vir hom en sy kinders te bou.

Vertaal en aangepas uit: <https://www.nationallottery.co.za/blogs/
116-it-s-a-happy-new-year-for-a-soweto-loan-man

1.1 Haal **een woord** uit paragraaf 1 aan om te wys dat die man van Kaapstad nie getroud is nie. (1)

1.2 **Haal 'n frase van 9 woorde** uit paragraaf 1 aan om te wys dat die man heel waarskynlik steeds sy 9-tot-5 werk gaan doen. (1)

EcoleBooks

1.3 1.3.1 Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling.

*Die man spandeer elke week presies R150 aan die Lotto.* (1)

1.3.2 Haal slegs **een woord** uit paragraaf 3 aan om jou antwoord in Vraag 1.3.1 te motiveer. (1)

1.4 Hoekom moet die man na die Nasionale Lotery se kantoor toe gaan? (1)

1.5 Noem **twee goed** wat die man beplan om met sy wengeld te doen. (2)

1.6 1.6.1 Noem **een ooreenkoms** tussen die man van Kaapstad en die man van Soweto. (1)

1.6.2 Noem hoe die twee mans die nuus dat hulle die Lotto gewen het, **verskillend** hanteer. (2)

**[10]**

IEB Copyright © 2019 

Ecolebooks.com



**VRAAG 2 ADVERTENSIE**

**Lees die onderstaande advertensie deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg deur na die inhoud van die advertensie te verwys.**




[Bron: <https://atkv.org.za/media/2156/moedertaaldagkompetisie.jpg>]

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



2.1 Gee **twee visuele leidrade** wat wys dat die meisie in die advertensie baie opgewonde oor die kompetisie is. (2)

2.2 Noem twee redes uit **paragraaf 1** waarom mense vir die kompetisie sal wil inskryf. (2)

2.3 Lees **paragraaf 1** en kies dan die korrekte antwoord deur slegs die korrekte alfabetletter neer te skryf.

*Kom wys in Februarie jou slag*, beteken:

A Kom wys hoe hard jy in Afrikaans kan praat.
B Kom praat meer Afrikaans in Februarie.
C Kom wys hoe goed jy Afrikaans kan praat.
D Moenie Afrikaans in Februarie praat nie. (1)

2.4 2.4.1 Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling:

*Jy moet die toets daagliks vanaf 11 tot 15 Februarie doen om vir die prys oorweeg te word.* (1)

2.4.2 **Haal twee opeenvolgende woorde** uit die teks aan om jou antwoord in Vraag 2.4.1 te motiveer. (1)

2.5 Lees **paragraaf 3** en sê watter **twee goed** op 21 Februarie gebeur. (2)

2.6 Hoe kan jy Mandie Ehlers kontak as jy nie die internet kan gebruik nie? (1)


**[10]**

ÉcoleBooks

IEB Copyright © 2019 

## VRAAG 3

**Bestudeer die strokiesprent en beantwoord dan die vrae wat volg.**




©Zits Partnership [Bron: <zitscomics.com>]

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Hoe weet ons dat Jeremy se ma by die winkels was? | (1) |
| 3.2 | Waarna luister Jeremy op sy selfoon in raampies 1 & 2? | (1) |
| 3.3 | Kyk na raampies 1, 2 en 3. Gee twee visuele leidrade wat wys dat Jeremy se ma al hoe harder praat. | (2) |
| 3.4 | Kyk na raampies 1, 2 en 4. | |
| | 3.4.1 Waarop sit-lê Jeremy in raampies 1 en 2? | (1) |
| | 3.4.2 Waarop lê Jeremy in raampie 4? | (1) |
| 3.5 | Noem een **visuele leidraad** in **raampie 3** om te wys dat Jeremy groot geskrik het. | (1) |

IEB Copyright © 2019
DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.6 Wat het Jeremy in sy ore wat veroorsaak dat hy sy ma nie kan hoor nie? (1)

3.7 Hoe sal jy Ma se gesigsuitdrukking in raampie 3 beskryf? Gee net een woord as antwoord. (1)

3.8 Kyk na raampie 4. Watter deel van Jeremy se liggaam kan moontlik seer word omdat hy op so 'n vreemde manier sit/lê? (1)

**[10]**

**30 punte**

ÉcoleBooks

Ecolebooks.com



## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 WENKE (advies) OM 'N GOEIE TOESPRAAK TE SKRYF

- Lees die onderstaande teks.
- Som dan die 5 WENKE OM 'N GOEIE TOESPRAAK TE SKRYF in jou eie woorde op en noem ook hoekom dit jou toespraak sal verbeter.
- **Begin elke keer met 'n werkwoord, bv. Skryf …**
- Skryf die opsomming puntsgewys in vyf volsinne en 70 woorde neer.
- Nommer die wenke van 1 tot 5.

**ONTHOU:**

- Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Jy sal gepenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- Elke hoofpunt moet slegs EEN sin bevat met die wenk en hoekom dit jou toespraak sal verbeter.
- Beplan jou opsomming voor jy dit begin skryf. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou opsomming.

**WENKE (advies) OM 'N GOEIE TOESPRAAK TE SKRYF**

Hoe jy begin is seker die belangrikste punt. Jy wil hê dat die gehoor verder as net jou eerste sin moet luister. Om die doel te bereik moet jy baie tyd aan 'n treffende inleiding spandeer. Jy kan eie ervarings of 'n aanhaling gebruik om jou gehoor se aandag te trek.

As jy jou onderwerp aankondig, sal jou gehoor en die onderwyser/beoordelaar weet waaroor jy gaan praat. Jy moet jou onderwerp in die tweede paragraaf aankondig, bv. "Ek glo die mens is besig om ons pragtige aarde te vernietig."

Die inhoud van 'n goeie toespraak het gewoonlik drie argumente. Regdeur jou toespraak moet jy jou argumente ondersteun om te wys dat jou toespraak struktuur het. Jou argumente moet dus duidelik gekommunikeer word.

'n Spesialis op 'n gebied is gewoonlik 'n goeie bron. Jy moet die mense oortuig om jou argumente te glo. Hulle sal jou makliker glo as 'n slim persoon ook so dink. Die moeilikste deel van die skryfproses is om goeie bronne te vind.

Ten slotte wil jy die gehoor iets gee om oor te dink en te onthou. Vir daardie rede moet jy 'n samevatting van al jou argumente gee om jou gehoor te herinner waaroor jou toespraak gegaan het. Jou slot is jou laaste gedagte en dit moet treffend wees.

[Bron: <https://afrikaans.com/wp-content/uploads/2018/03/Nuttige-Notas.pdf]

**10 punte**

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Aandeelhouer –** *Alta Marincowitz*

En die jongeheer?
Gaan hy ook eendag in sy pa se voetspore volg?

No ways Meneer my
interest is nie in finance ek
rate nie baie hoog woorde
soos inflasie resessie aandele die
beurs dra ek in my sak ek
invest my tyd en energy in
sport my muscles is my
bates dit het
effekte op die girls laat
hulle bloeddruk opwaarts neig
my risiko's is matig vir stewige
lopies kyk ek krieket
en anyway who cares wat die
prys
is van koring mielies en
sonneblom

ÉcoleBooks

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

5.1 Lees strofe 1 en beantwoord die volgende vrae:

5.1.1 Wie is aan die woord in strofe 1? (1)

5.1.2 Met wie word daar in strofe 1 gepraat? (1)

5.2 Wat beteken versreël 2:

*"Gaan hy ook eendag in sy pa se voetspore volg?"* (1)

5.3 Wat is die doel van al die Engelse woorde in strofe 2? (1)

5.4 Lees versreëls 6 en 7.

Vir die spreker is "beurs" in reël 7 'n item wat jy gebruik. Verduidelik in jou eie woorde waarvoor hy dit gebruik. (1)

IEB Copyright © 2019 

Ecolebooks.com



5.5 Waar spandeer die spreker in versreëls 7–11 baie van sy tyd? (1)

5.6 Wat beteken die woord "*bates*" in reël 10 vir die pa EN die seun? (2)

5.7 Lees versreëls 8–12.

**Haal drie opeenvolgende woorde** aan wat wys dat die seun se spiere 'n positiewe uitwerking op meisies het. (1)

5.8 Die woord "prys" staan op sy eie in reël 16.

Wat word hierdie verskynsel genoem? Skryf slegs die korrekte alfabetletter neer.

A hiperbool
B alleenplasing
C enjambement
D eufemisme (1)

**[10]**

ÉcoleBooks

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Bestudeer die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Susan Boyle –** *Kobus Grobler*

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van Britain's got talent
aangeja soos 'n skaap
miserabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van 'n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van *I dreamed a dream*
het jy vanuit vernederende vooroordeel
hulle en miljoene ander op YouTube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die hele wêreld skenk

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

6.1 Met wie word daar in hierdie gedig gepraat? (1)

6.2 Waarop dui Susan se inskrywingsnommer van 43212? (1)

6.3 Lees die versreël hieronder en kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte alfabetletter neer.

"*aangeja soos 'n skaap*", is 'n voorbeeld van:

A metafoor
B personifikasie
C vergelyking
D ironie (1)

6.4 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** uit versreëls 5–8 aan. Onthou om die klanke wat die alliterasie aandui te onderstreep. (1)

6.5 Hoe verskil die atmosfeer van strofe 1 van die atmosfeer van strofe 2? (2)

6.6 "Miserabel vaal in die lig verguis" (reël 4)

6.6.1 Van watter lig lees ons in die versreël? (1)

6.6.2 Wat is die gehoor se opinie van Susan as sy as "miserabel vaal" beskryf word? (1)

6.7 Hoe skakel die gebruik van die woord "vooroordeel" met die boodskap van die gedig? (1)

6.8 Wie is die "hulle" na wie daar in reël 11 verwys word? (1)

**[10]**

Ecolebooks.com



## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onvoorbereide gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Wegholwoorde –** *An-Mari Fouché*

Ek kan nie met mense praat nie,
want my tong is nie my maat nie.
Hy lag en tart en pootjie my
tot ek in die sloot val en lêend bly.

My woorde hardloop vir my weg.
Tussen hart en mond verander goed in sleg.
My tong klap mense deur die gesig;
ek probeer ophelp, maar hy stamp terug.

Daarom skryf ek eerder alles neer,
dan maak ek niemand anders seer.
Om die woorde in my kop in toom te hê
sonder dat my tong verander wat ek wil sê.

Daarom maak ek my boodskap vas op papier
en wys dit dan vir die wêreld: ek is hiér!

[Bron: <https://www.storiewerf.co.za/versies/gedigte.htm>]

ÉcoleBooks

7.1 Watter tipe spreker kry ons in hierdie gedig? (1)

7.2 "Hy lag en tart en pootjie my" (reël 3)

7.2.1 Wat is die "hy" van wie daar in die versreël gepraat word? (1)

7.2.2 Antwoord in jou eie woorde wat die gevolg van die "lag", "tart" en "pootjie" op die spreker se lewe is. (1)

7.2.3 Identifiseer die beeldspraak wat in die versreël voorkom. (1)

7.3 **Haal vier opeenvolgende woorde** uit strofe 2 aan om te wys dat die spreker nie altyd presies sê wat sy eintlik wil sê nie. (1)

7.4 Benoem die rymskema wat in strofe 3 voorkom. (1)

7.5 Haal die versreël aan wat die wending in die gedig aandui. (1)

7.6 Hoekom besluit die spreker om haar woorde neer te skryf? (1)

7.7 Wat is die funksie van die dubbelpunt in strofe 4? (1)

7.8 Strofe 4 het net 2 versreëls. Wat word so 'n strofe genoem? (1)
**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM


Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**AFDELING D TAALVAARDIGHEID**

**VRAAG 8 SINSTRUKTURE**

**Bestudeer die strokiesprent hieronder en skryf dan die sinne oor soos aangedui.**




[Bron: <https://www.facebook.com>]

8.1 Die kinders luister na Meester. Die kinders sit in die Wetenskapklas.

**Die kinders wat …** (1)

8.2 Baie eksperimente word elke jaar deur Meester beplan.

ÉcoleBooks

**Meester …** (1)

8.3 Meester moet sy eksperimente voor die les oefen.

**Meester behoort …** (1)

8.4 Meester sal baie versigtig wees, aangesien hy baie eksperimente doen.

**Hy doen baie eksperimente, daarom …** (1)

8.5 Meester vra vir die klas: "Moet ek die rooi vloeistof by die geel vloeistof gooi?"

**Meester vra vir die klas of …** (1)

8.6 Meester besluit om nie die eksperiment te doen nie.

**Verlede week …** (1)

8.7 Het Meester nog eksperimente om vandag te wys?

**Nee, …** (1)

Ecolebooks.com



8.8 Die studente is opgewonde en help Meester met die eksperimente.

**Volgende keer …** (1)

8.9 Die studente wil hulle ore toehou wanneer Meester sy eksperimente doen.

**Gister …** (2)

8.10 Die student geniet Meester se les. Sy eksperimente maak hom bang.

**Alhoewel …** (1)

8.11 Meester kan die studente wys om gevaarlike eksperimente te doen.

**Die studente …** (1)

**[12]**

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Lees die paragraaf wat op die strokiesprent gebaseer is deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.**

**Skryf die nommer en korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou Antwoordboek neer.**




[Bron: <zitscomics.com>]

Jeremy se tas word al hoe **9.1 (swaar – gee die vergrotende trap)** soos die week aangaan. **9.2 (Vrydag – gee die afkorting)** het hy die **9.3 (baie – gee die oortreffende trap)** huiswerk. Hy moet **9.4 (asb. – skryf die afkorting uit)** nie die naweek saam met sy vriende uitgaan nie. Donderdag was Jeremy se **9.5 (oog – gee die meervoud)** so groot soos pierings, want hy kon nie **9.6 (belowe/glo – kies die korrekte woord)** dat hy so baie werk het nie. Hy loop elke dag dieselfde **9.7 (pad – gee die verkleining)** om by sy skool te kom. Al die **9.8 (mamma – gee die meervoud)** is bekommerd oor hulle kinders se rûe. Jeremy **9.9 (wie/wat – kies die korrekte woord)** daar loop se rug is baie seer en hy voel soos 'n **9.10 (oud – gee die korrekte vorm van die adjektief)** man. Dit is vir Jeremy **9.11 (maklik – gee 'n antoniem)** om met so 'n swaar tas rond te loop. Hy is nog **9.12 (baie jonk – gee die intensiewe vorm)** en behoort nie so 'n swaar tas te dra nie. Jeremy **9.13 (konsentrasie – gee die afgeleide werkwoord)** hard om nie om te val nie. Sy **9.14 (skok – gee die verlede deelwoord)** ma **9.15 (weet/ken – kies die korrekte woord)** nie wat om te doen om **9.16 (hy/sy/hom – kies die korrekte voornaamwoord)** te help nie.


**[8]**

Ecolebooks.com



## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder deur.
- Voer die instruksies wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. (Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.)
- Elke respons moet **15 tot 20 woorde** lank wees. Onthou om jou woordtelling neer te skryf.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.




[Bron: Google images]

Die studente het hulle laaste matriekvraestel geskryf. Hulle gesels terwyl hulle na die skoolhek stap.

10.1 Meisie A is baie **deurmekaar** oor al die opsies na skool en het nog nie 'n besluit geneem oor haar toekomsplanne nie. Sy vra vir Seun E om **vir haar voorstelle** te maak.

Skryf neer wat sy vir hom vra. (2)

10.2 Seun E het al sy planne gemaak. Skryf neer wat hy vir meisie A antwoord om vir haar **raad** te gee oor die lewe na skool. (2)

10.3 Meisie C het 'n boek by Seun E geleen, maar sy het vergeet om dit terug te gee.

Skryf neer hoe sy vir hom **om verskoning** gaan vra. (2)

10.4 Seun D probeer meisie B **oorreed** om die aand saam na 'n partytjie te gaan.

Skryf neer wat hy sê om haar te **oortuig** om saam te gaan. (2)

10.5 Meisie B is baie **opgewonde** dat skool verby is. Skryf neer wat sy sê om haar **blydskap** uit te druk. (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM